Waaroor worstel jy?

3 September 2023 | Ds Willem Badenhorst | willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Ons as Christene lewe vandag in 'n wêreld sonder ware kennis van God. Dit is 'n wêreld met onkundige, ongelowige owerhede omring deur ander godsdienste. Vrae word gevra soos: Is daar 'n God? Watter doel dien die Bybel? Watter relevansie het die Christelike geloof vir my lewe vandag? Hoekom moet ek gehoorsaam wees aan wat in die Bybel staan. Die gelowige is dus genoodsaak om die evangelie te verkondig en te verdedig (Matt. 28:19-20; 1 Pet. 3:15). Die woord apologetiek is afgelei van die Griekse woord apologia (om weg te redeneer/ongeldig te bewys) wat oorspronklik verwys het na iemand wat hom moet verdedig om sy onskuld te bewys.

Hiervoor gebruik ons die Woord en ons persoonlike getuienis onder leiding van die Heilige Gees, in liefde en met geduld teenoor ander. *"Die hele Skrif* (verwys na die Ou Testament) *is deur God geinspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."* 2 Tim. 3:16. Dit sluit vandag die Nuwe Testament in. Ons moet altyd gereed wees om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van ons 'n verduideliking eis oor die hoop wat in ons lewe (1 Pet 3:15b). *"Verkondig die Woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig en onderrig te gee."* 2 Tim. 4:2

Kyk gerus na die volgende video op YouTube: Kliek hier
Laai 'n paar van die Messiaanse profesieë af. Laat die Gees jou lei om daarvan te gebruik in jou getuienis: Kliek hier

Wenke vir leier

Hierdie is 'n geleentheid om gelowiges daarop te wys dat 'n mens nie 'n slim filosoof of professor hoef te wees om jou geloof te verdedig nie. Deur te vertrou op die kragtige werking van die Heilige Gees en die Bybel te gebruik in 'n getuienis situasie, verskuif die fokus weg van die getuie na Christus. Dit gaan dus nie oor die kennis van die getuie nie, maar oor wat in die Bybel staan.

Lesing

Vraag 1 – Ek glo nie (meer) in God nie?

Feitlik alle mense weet in hul onderbewuste dat daar wel 'n God is en dat Hy bestaan. Die rede waarom hulle Hom ontken of wil wegredeneer, is omdat hulle nie kans sien om hul eie lewe te verander en aan God gehoorsaam te word nie. As hulle moet erken dat God bestaan, beteken dit dat hulle verkeerd is en hul lewe sal moet verander. Dikwels is die sg. Ateis eintlik niks anders as iemand wat maar net probeer om van jou ontslae te raak deur te sê dat hy nie in God glo nie. Aan die ander kant is daar ook mense wat 'n verwronge opvoeding gehad het, seergekry, trauma beleef het, teleurgesteld is in God en van Hom weggedraai het, of weier om Hom te erken.

Bespreking

Hoe sou julle die Evangelie met mense deel wat:

- Beweer dat hy/sy nog nooit in 'n God geglo het nie.
- Eens op 'n tyd wel geglo het, maar afgedwaal het.
- Noem 'n paar kanale waardeur God Homself openbaar aan die mens (Ps. 19:1–6, Rom. 1:18-20, Luk. 16:27-31, Heb. 1:1, Dan. 10:4-11, Kol. 1:15-20, Hand. 10:9-16, Rom. 2:14-15).
- Iemand getuig dat die Heilige Gees haar gelei het om tydens 'n gesprek met 'n ateïs net sy hand vas te hou en nie met hom te probeer redeneer oor God nie. Watter rol speel die Heilige Gees se leiding in gesprekke soos dié?

Vraag 2 – Aanbid al die gelowe dieselfde god?

Dit gebeur dikwels dat ons mense van ander gelowe teëkom wat verwys na God asof hul aanvaar dat ons almal dieselfde "god" aanbid. Onder die monoteistiese godsdienste weet ons dat Christene en Jode beide Jahweh van die Bybel erken as God. Argeologie bewys dat Allah een van die afgode was wat afkomstig was uit die Maangod-aanbiddingskultus wat destyds die dominante godsdiens van Arabië was. Boedisme, Hindoeisme, Paganism, Afrika godsdienste, Wicca, Noorse mitologieë, en selfs die nuwerwetse Artificial Intelligence aanlyn persoonlikhede spog met miljoene soorte gode wat verering vereis in ruil daarvoor om in al jou behoeftes te voorsien. Dan is daar die Panteiste, Panenteiste en Universaliste wat glo die skepping is god en god het 'n bietjie van homself verdeel in alles – bome, water, diere, mense ens. Daarom is alles één en is alles god - die nuwe spiritualiteitsbeweging (New Age).
Kyk gerus na Kliek hier en Kliek hier

Ons sien 'n duidelike onderskeid tussen die karakter van die God van die Bybel en die 'gode' van ander godsdienste, want die ander gode is niks anders as demoniese entiteite wat deur een of ander meester/guru sy gesag afdwing nie. Hulle is almal skepsels van die Lewende God wat hulself voordoen as god, selfs van voor die Skepping af. Paulus praat baie reguit teen die aanbidding van die skepping.

Daar behoort net so duidelike onderskeid te wees tussen die navolgers van die Here en dié van demoniese entiteite. Lees Eks. 15:11, Jes. 44:7,46:9, Miga 7:18, Ps. 97:7, Rom. 1:23-25, Hand. 4:12, Joh. 14:6, 2 Kor. 6:14-7:1). Ons dien die enigste, onvergelykbare God!

Lesing

Vraag 3 – Hoekom gebeur slegte goed met kinders van die Here?

Ons kan ook vra: Hoekom ervaar soveel ongelowiges en skelms soveel voorspoed. Hoekom sou Jesus toelaat dat 11 van sy dissipels 'n grusame marteldood sterf, en 900 miljoen ander Christene daagliks onder een of ander vorm van vervolging lewe? Gee God nie om as ons geliefdes in soveel pyn lewe nie? Het ons begin om 'n voorspoedsmentaliteit na te volg?

'n Paar voorstelle vir antwoorde (gesels in jul Kring verder):

- Ons lewe in 'n sondige wêreld, waar mense hul vrye wil wat God gegee het, laat oorheers deur hul korrupte sondige natuur.
- Ons lewe in 'n gebroke wêreld en liggaam wat onderworpe is aan verganklikheid, pyn en dood (2Kor. 5:1).
- Satan trek op (met toelating) teen God se kinders (Job 2:7, Luk. 22:31-34, Dan. 3:16-20, Open. 13:7, Ester 3:6), maar God voorsien ook die uitkoms.
- God belowe dat Hy te midde van slegte goed met sy mense sal wees en hulle sal deurdra en dat niks ons kan skei van sy liefde nie (Rom. 8:35-39).
- God wil ons leer om 'n ander gesindheid te hê in/oor swaarkry en slegte gebeurtenisse. (Rom. 5:3-5, Jak. 1:2-4, 2 Kor. 6:10, 1 Pet. 4:12-16, Dan. 3:16-18, Job 13:15, Fil. 4:11-13, Joh. 16:33)
- Ons geloof word gesuiwer sodat ons staande kan bly in die dag van onheil (1 Pet. 1:6-7)

Bespreking

- Watter eienskappe maak Christenskap uniek en waar?
- Hoe moet ons mense van ander geloofsoortuigings benader met die Evangelie?
- Watter rol speel gebed in ons gesprekke met hulle?

Gebedspunte

- Indien jy 'n persoon ken van 'n ander geloofsoortuiging, bid nou dat die Here vir jou 'n geleentheid sal gee om met hom/haar 'n gesprek aan te knoop.
- "Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang." (1 Tim. 4:1) Bid vir onderskeiding deur die Heilige Gees.
- Bid vir jou en jou geliefdes dat julle sal honger en dors na die Woord van God.
- Vra die Here om jou te help om dieper te delf in Sy Woord en saam met die Gees antwoorde te ontdek op moeilike vrae.

Bronnelys

Bron 1 Bron 2 Bron 3 Bron 4 Bron 5 Bron 6 Bron 7

Geloofsoortuigings	Geloof in Drie-enige God en Bybel (O.T& N.T)	ANDER GODSDIENSTE
Entiteit/God	Drie-enige tydlose God (Skepper). Geen afbeelding.	Een tot miljoene gode en geeste. Aanbid mensgemaakte beelde, konsepte, natuur, ens
Karakter van God	Liefdevol, Heilig, Genadig, Regverdig, Vergewensgesind, ens. Enigste God wat sy lewe aflê vir sy kinders.	Goed en sleg. Vergifnis begrip ontbreek.
Verhouding	Persoonlik (Vader/Kind). Kom persoonlik na die mens (aarde) en word 'n mens. Liefdes komponent	Onpersoonlik – meester/slaaf. Mens probeer by god uitkom/self god word. Vrees komponent.
Sekerheid oor hiernamaals	Volkome sekerheid in Jesus	Geen sekerheid. Hoop dat daar na dood 'n beter lewe/plek is.
Redding en oplossing vir sonde	Slegs deur die aanvaarding van Jesus se bloedoffer aan die kruis	Offer goeie werke om sonde uit te kanselleer
Geestelike inspraak	Bybel en die Heilige Gees	Geskrifte en geeste
Bewyse van waarheid	Baie getuies en opgrawings bevestig; meer as 360 Bybel profesieë oor Jesus reeds in vervulling gegaan. Die graf is leeg – Jesus oorwin die dood.	Stigters/middelaars lê steeds in die graf.
Geskrifte	Bybel: Oor al die eeue bewys as die waarheid, geskryf onder leiding van die Heilige Gees, bevat meer as 2500 profesieë waarvan meer as 2000 tot op die letter in vervulling gegaan het.	Verskeie Geskrifte : van enkele outeur (Koran) tot mistieke boeke
Geestelike mag en outoriteit	Demone vlug en siekes word genees in die Naam van Jesus	Geen krag in die naam van boeddha, allah, krishna of ander
Eskatologie (Eindtyd)	Duidelike Profesieë	Troebel idees
Gawes/wondertekens	Deur die Heilige Gees	Deur ander geeste (tydelik)
Laster	Jesus se naam word belaster	Niemand gebruik ooit die ander gode se name onydellik nie.
Koninkryk beginsels	Lig, waarheid, vrede, vryheid, liefde	Duisternis, leuens, verwarring, verslawing